



DIE KREDIETKNYPTANG: EEN JAAR LATER

UITGAWE 84

SEPTEMBER 2009

Deur Magnus Heystek—Beleggingstrateeg

Wêreldwye beleggingsmarkte het pas een van die mees wisselvallige en onstuimige jare voltooi wat tot nog toe aangeteken is. Maar as jy 'n jaar gelede 'n bietjie geld belê het, aan die slaap geraak het en hierdie week eers wakker geskrik het, kon jy dalk by jouself gedink het: "Waaroor gaan al die geraas? My beleggings het goed gevaar. Ek het inderwaarheid 'n paar rand gemaak."

Dit is waar. Die meeste beleggingsmarkte het substansieel herstel sedert die laagtepunte van Maart vanjaar. Baie beleggingsbestuurders het selfs geld gemaak oor die tydperk, maar dié feit versluier die buitengewone wisselvalligheid wat ons in dieselfde tydperk beleef het.

Op 15 September verlede jaar het die reuse-beleggingsbank Lehman Bros. die wêreld laat weet dat hy na 158 jaar se besigheid sy deure gaan sluit. Dit was 'n regstreekse gevolg van sy blootstelling aan die verswakkende Amerikaanse subprima-huisleningsmark wat aan beleggers en beleggingsfondse wêreldwyd verkoop is.

Dit het skokgolwe gestuur deur die globale bankgemeenskap wat in een stadium amper tot 'n algehele stilstand geknars het soos wat bankreus gevrees het om met ander bankreus sake te doen, omdat hulle dalk nie die ongekende finansiële helvuur sou oorleef wat gedreig het om die globale finansiële stelsel te verswelg nie.

Toekomstige ekonomiese geskiedskrywers sal sonder twyfel na hierdie gebeure terugkyk en tot die gevolgtrekking kom dat dit die naaste was wat die moderne finansiële stelsel ooit aan totale ineenstorting gekom het. Slegs die massiewe, gekombineerde ingryping van Westerse regerings het verseker dat die finansiële markte weer normaal begin funksioneer het.

Meer as \$4 triljoen is beskikbaar gestel aan die wêreld se finansiële stelsel as regstreekse en nie-regstreekse likiditeitinspuitings. Dit het groter onstuimigheid in die kiem gesmoor en ekonomiese bedrywigheid 'n hupstoot gegee.



BELEGGINGS SEMINAAR:

"TREE U AF VOLGENDE JAAR?"

DATUM: WOEN, 14de OCT 2009

TYD: 16H00 TOT 17H30

PLEK: BRENTHURST
AUDITORIUM, GEBOU 2
H/V WILLIAM NICOL &
FOURWAYS BOULEVARD,
FOURWAYS

RSVP: ANTJE +27 11 799-8100

reception@brenthurstwealth.co.za

Bespreek asseblief vooruit
sitplekke is beperk!

Die markte het sedertdien skitterend herstel en sommige beleggers het al hul verliese uitgewis. Verdere winste is nog steeds moontlik soos wat internasionale ekonomieë begin reageer op die reuse-likiditeitspuitings.

Die wêreld sal egter nooit risiko-vry wees nie en markte kan te enige tyd weer 'n regstelling beleef. Ons moet dit benadruk dat wisselvalligheid nie risiko verteenwoordig nie, selfs al gebruik die media dit as die voedingsbron vir hul soms sensasionele beriggewing.

Kyk gerus na die ontydige raad van die plaaslike beleggingstydskrif Finweek, waarin sy hoofbeleggingskrywer, Vic de Klerk, beleggers in April aangemoedig het om al hul beleggings in kontant om te skakel en dan in kontant te belê. Dit was 'n emosionele oorreaksie op die skerp daling van die markte in Maart, en is, tot dusver, 100% verkeerd.

In 'n vroeëre nuusbrief het ons vanjaar gewaarsku oor die emosionele aspek van beleggings. Toegegee, dit was dikwels moeilik in die stormkern toe dit wou voorkom of die hele wêreld gaan wegsak in 'n herhaling van die Groot Depressie van die 1930's.

Wat dikwels nie in berigte oor die Groot Depressie genoem word nie, is dat beleggingsmarkte begin reageer het lank voordat ekonomiese bedrywighede toegeneem het en dat dié goeie nuus na die voorblaai van koerante begin deursyfer het. Dieselfde is besig om weer te gebeur.

In die algemeen het ons aanbevole beleggingsportefeuljes positiewe opbrengste gelewer in die tydperk van twaalf maande sedert die begin van die Groot Kredietkrisis. Dit onderstreep weereens die noodsaaklikheid van gediversifiseerde en buigbare beleggingsportefeuljes.

TABEL WAT DIE TOTALE OPBRENGS(%) AANWYS VAN OP 07 SEP 2008 TOT 07 SEP 2009.

MAANDEINDE PRESTASIE VERSLAG SOOS OP 07 SEP (WAARDES VIR MEER AS EEN JAAR WORD OP 'N JAARLIKSE SYFER GEBASSEER)						
	1 Month	3 Months	1 Year	3 Years	5 Years	10 Years
Allan Gray Balanced Fund A	0.38%	5.80%	9.95%	10.97%	19.44%	
Allan Gray Equity Fund A	1.11%	9.26%	6.03%	10.37%	23.53%	23.52%
Allan Gray Stable Fund A	-0.27%	2.76%	12.87%	11.63%	14.51%	
Allan Gray-Orbis Global Fund of Funds A	-4.06%	0.54%	10.55%	7.90%	12.32%	
Coronation Balanced Plus Fund A	0.39%	7.55%	6.28%	10.99%	19.77%	16.93%
Coronation Top 20 Fund A	1.31%	10.19%	13.04%	15.52%	26.38%	
Investec Value Fund R	1.84%	14.44%	10.37%	11.58%	23.14%	27.08%
Nedgroup Investments Positive Return Fund A	0.57%	2.08%	9.97%	11.41%		
Satrix 40 Portfolio A	-0.04%	8.10%	-0.06%	6.57%	19.96%	
STANLIB Property Income Fund A	5.07%	12.25%	19.36%	18.03%	25.12%	
FTSE/JSE All Share index	-0.20%	8.01%	-1.56%	4.57%	17.57%	13.75%

Finansiële markte stuur duidelik seine uit dat 'n herstel van die globale ekonomie verwag word, en dat dit selfs kan verras.

GLOBALE EKONOMIE BEGIN ROER

In onlangse weke het die frase "groen uitlopers van ekonomiese bedrywigheid" in die media begin verskyn, eers huiwerig, maar nou amper op 'n daaglikse grondslag. Vroeër die maand het die finansministers van die G20-lande, wat Suid-Afrika insluit, in Brittanje vergader om die gesteldheid van die wêreld ekonomie te bespreek. Die stemming was veel beter as by die Wêreld- Ekonomiese Forum in Januarie toe die ekonomiese krisis op sy ergste was.

“Dit sou ’n fout van historiese omvang wees as ons die foute van die 1930’s herhaal,” het Gordon Brown, Britse eerste minister by die opening van die verrigtinge gesê. “Die risiko’s bestaan nog steeds,” het hy gesê.

Een van die lesse uit die geskiedenis was dat regerings nie voortydig moes begin om die stimulasiepakette wat hulle voorsien het te onttrek nie, soos wat in 1931 gebeur het. Dit het ook gehelp dat Ben Bernanke, voorsitter van die Amerikaanse Federale Reserweraad, beskou word as ’n kundige oor die Groot Depressie. Hy het sy doktorale verhandeling daarvoor geskryf.

’n Mens wonder hoeveel studente van die finansiële geskiedenis sal in die toekoms oor die Groot Kredietkrisis van 2008 skryf en wat dit veroorsaak het? Wat was die sneller? Hoër rentekoerse op eiendomsverbande of was dit die skerp styging in die Amerikaanse petrolprys toe die olieprys opgeskiet het tot \$140 per vat? Of dalk die onbeheersde kredietverlenging aan verbruikers in die Westerse wêreld wat alreeds kniediep in die skuld was?

Ander finansiële leiers het saamgestem dat dit nog te vroeg is om te begin met ’n strategie om die resessie agter te laat. Die herstel is nog te broos en verbruikers wêreldwyd nog eerder in die stemming tot oorversigtigheid. Die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) het sy voorspelling vir globale ekonomiese groei vir volgende jaar verhoog tot 2,9% van die 2,5% wat hy so onlangs as Julie vanjaar voorspel het. Die IMF het ook sy projeksie vir globale krimpings vanjaar verklein tot 1,3%, vergeleke met 1,4% vroeër.

In een of ander stadium kan verwag word dat regerings gaan begin om hul stimuleringsmaatreëls te onttrek. Dit kan egter nog ses tot nege maande duur soos wat die opswaai in verbruiker- en sakevertroue in dié stadium nog nie in verminderde werkloosheid begin weerspieël het nie.

In Amerika word verwag dat werkloosheid vir die eerste keer sedert 1983 die 10%-vlak sal verbystek, terwyl werkloosheid nog algemeen voorkom in Brittanje, Europa (veral Spanje en Ierland) en Japan.

Die G20-leiers het dit duidelik gemaak dat hulle bewus is daarvan dat hul onttrekking aan die ekonomieë betyds gekommunikeer en gekoördineer moet word. ’n Skielike en swak gekoördineerde onttrekking sou sleg wees vir markte en vertroue.

SA EKONOMIE ONDER ’N KNUPPEL

Nadat die SA ekonomie in die eerste kwartaal van 2009 op ’n jaargrondslag met 6,4% gekrimp het, het hy in die tweede kwartaal met nog ’n verdere 3% op ’n jaargrondslag gekrimp. Die vervaardigingsektor het die swakste gevaar, met uitsette wat met 11% afgeneem het. Die sterk rand, wat baie ontleders onkant gevang het, dra ook by tot die kommer dat die vervaardigingsektor langer onder druk sal bly.

Dit is die eerste resessie in 17 jaar en die eerste een waarmee die nuwe regering te doen het.

Vroeg in Januarie vanjaar het die regering nog probeer om die land te oortuig dat ons die ergste van die globale kredietkrisis sou vryspring, en 2,5% se groei is vir die jaar voorspel. Dit was egter niks meer nie as ’n dapper poging in die aanloop tot die algemene verkiesing in April vanjaar.

Die Suid-Afrikaanse Reserwebank het rentekoerse op 14 Augustus met nog 0,5% gesny, wat die algehele daling in die rentekoers deur ses rentekoersverlagings op 500 basispunte te staan bring. Die Reserwebank se uitleenkoers staan nou op 7% vergeleke met Desember 2008 toe dit 12% was.

Was dit die laaste verlaging van die rentekoers? Net die tyd sal leer, maar dit wil voorkom of die Reserwebank waarskynlik sal wag tot die nuwe president, Gill Marcus, haar in haar stoel tuisgemaak het voor daar weer enige verlagings aangekondig sal word, indien enige.

Die grootste probleem waarvoor die owerhede te staan gekom het, is die skerp afname in staatsinkomste, wat geskat word op tussen R60 miljard en R80 miljard vir die volle boekjaar. Teen die agtergrond van dalende maatskappywinste en verminderde BTW-invordering sal dit groot druk plaas op die tekort voor lenings.

Daar is nog geen teken dat die Suid-Afrikaanse verbruiker gereed is om meer krediet aan te neem nie, maar oor 'n maand of twee sal dit duidelik word hoe die daling in rentekoerse die verbruiker gaan aanspoor om meer te bestee.

OPSOMMING

BAIE BELEGGERS HOU NOG VAS AAN HUL KONTANT NADAT HULLE MOES TOESIEN HOE HUL NA-BELASTE OPBRENGSTE TOT ONDER 5% GEDAAL HET, VER ONDER DIE INFLASIEKOERS.

DAAR IS AANTREKLIKE BELEGGINGSGELEENTHEDE VIR BELEGGERS MET GROOT BEDRAE GELD EN DIT IS NOG MOONTLIK OM 'N NA-BELASTE OPBRENGS VAN 6% PER JAAR TE VIND.

PRAAT GERUS MET ENIGE VAN ONS BELEGGINGSADVISEURS IN HIERDIE VERBAND.

ONS GLO OOK DAT DIT NOU VIR BELEGGERS MET GEEN OF WEINIG BLOOTSTELLING AAN BUITELANDSE VALUTA 'N UITSTEKENDE TYD IS OM HUL GELD BUITELAND TOE TE NEEM.

DIE PLAASLIKE GELDEENHEID IS BESIG OM AAN DIE EINDE TE KOM VAN SY HUIDIGE KRAGTOER EN ONS MOEDIG BELEGGERS AAN OM VAN HIERDIE GELEENTHEID GEBRUIK TE MAAK OM BLOOTSTELLING, SPESIFIEK AAN BUITELANDSE EKWITEIT, TE KRY.

LAASTENS WIL ONS ONS KLIËNTE EN VRIENDE HERINNER AAN ONS VOLGENDE BELEGGINGSEMINAAR OP 14 OKTOBER MET DIE TITEL: "TREE U VOLGENDE JAAR AF?"

BESPREEK ASSEBLIEF BETYDS OMDAT PLEK BEPERK IS.

BRENTHURST WEALTH NOU IN KAAPSTAD!



DIT IS TROTS DAT BRENTHURST WEALTH MANAGEMENT DIE OPENING VAN ONS NUWE KAAPSTAD KANTOOR AANKONDIG.

3^{DE} FLOER, METTLE GEBOU
WILLIE VAN SCHOOR LAAN, TYGERVALLEI
KAAPSTAD KANTOOR: 0861 799-8000
OF EPOS magnus@heystek.co.za
brian@brenthurstwealth.co.za

BELEGGINGSADVISEURS:

BRIAN BUTCHART CFP®
brian@brenthurstwealth.co.za

JOHAN BURGER CFP®
johan@brenthurstwealth.co.za

SONIA DU PLESSIS CFP®
sonia@brenthurstwealth.co.za

MICHELLE BURGER CFP®
michelle@brenthurstwealth.co.za

RENEE EAGARCFP®
renee@brenthurstwealth.co.za

BELEGGINGSTRATEEG:

MAGNUS HEYSTEK
magnus@heystek.co.za

BELASTING:

GAVIN BUTCHART
gavinb@brenthurstwealth.co.za

BEMARKING:

SUE HEYSTEK
sue@brenthurstwealth.co.za

KLIËNTEDIENS:

VIRASHA MAHARAJ
virasha@brenthurstwealth.co.za

ESMERIE LOOTS
esmerie@brenthurstwealth.co.za

CELESTE PHAKHATI
celeste@brenthurstwealth.co.za

ALLIE SIKHOSANA
allie@brenthurstwealth.co.za

ANTJE MOUTON
reception@brenthurstwealth.co.za

BRENTHURST WEALTH MANAGEMENT (PTY) LTD

GEBOU 3 PRISM OFFICE PARK, CORNER FOURWAYS BOULEVARD & WILLIAM NICOL DRIVE, GAUTENG, SOUTH AFRICA

Telefoon JHB: (011) 799- 8100

KAAPSTAD KANTOOR: 0861 799 8000

Webwerf: www.brenthurstwealth.co.za

Brenthurst Wealth Management is 'n geregistreerde finansiële diens-verskaffer (FSP no. 7833). Hierdie e-posboodskap en byvoegsels is uitsluitend bedoel vir die geadresseerde(s) en daarom wettig geprivilegieer en/of vertroulik. As u per abuis hierdie e-posboodskap ontvang het, vernietig dit asb. As u nie die geadresseerde is nie, mag u nie die inhoud rugbaar maak, kopieer, versprei of op grond van die inhoud daarvan handel nie. Enige ongemagtigde gebruik of openbaarmaking daarvan is verbode en kan onwettig wees. Die siening en mening soos vervat in hierdie boodskap is nie noodwendig verteenwoordig van die van die bestuur van Brenthurst Wealth nie.